

# LOFFIENUUS

Nuusbrief 5/2019

Webblad: [www.gelofte.co.za](http://www.gelofte.co.za)

**Kennis is om te weet 'n tamatie is 'n vrug.  
Wysheid is om dit nie in die vrugteslaai te sit nie.**

Geagte Ouer

Ons het reeds in die vorige Loffienuus vermeld dat die skool hierdie jaar 50 jaar oud is. Feesvieringe in hierdie verband word beplan vir 8 en 9 Augustus 2019. Ons sou graag spesifieke persone wou uitnooi na hierdie geleentheid. Indien u kontakbesonderhede het van oud-skoolhoofde van Gelofte sal ons dit waardeer as u dit vir ons sal stuur na [gelofte@gelofte.co.za](mailto:gelofte@gelofte.co.za).

## 1. SAKE VIR DIE HOOF SE AANDAG

Ons wys u graag daarop dat daar 'n skeurstrokie aan die einde van hierdie Loffienuus is waarop u enige sake (positief of negatief) onder die hoof se aandag kan bring. Die hoof se direkte fakslyn is 031 702 7217 en die direkte e-pos is [gelofte@gelofte.co.za](mailto:gelofte@gelofte.co.za). Ons ondervinding is dat ouers dikwels 'n ander perspektief op 'n saak kry as hulle al die toepaslike inligting tot hul beskikking het. Vra dus gerus as u ongelukkig of onseker is oor 'n saak.

## 2. BELANGRIKE DATUMS

Die skool se kalender vir 2019 is beskikbaar op die webblad sowel as op D6 Communicator. Ons versoek dat u belangrike datums sal aanteken en die aktiwiteite sal ondersteun. Belangrike datums behoort ook op u foon te verskyn as sogenaamde "alerts" van D6 Communicator.

## 3. DANKIE

Aan die einde van nog 'n skoolkwartaal wil ons graag dankie sê aan elke Loffie, ouer, ondersteuner en personeellid wat 'n verskil maak by die skool. Ons is so bevoorreg om in 'n gemeenskap te wees met omgee harte. Wanneer ons vir hulp vra word ons oorval deur bydraes of deur ouers wat bereid is om van hul tyd op te offer in belang van die Loffies. Baie dankie daarvoor! Indien u bevoorreg is om 'n bietjie weg te breek tydens die vakansie vertrou ons dat u die welverdiende ruskans sal geniet.

## 4. KASKAR

Die jaarlikse kaskarwedren vind plaas op Donderdag, 14 Maart 2019. Die wegspringtye vir die onderskeie wedrenne is as volg:

Grade 1 – 3	16:30 - 17:00
Grade 4 – 6	17:10 - 17:40
Grade 7 – 9	17:50 – 18:35
Grade 10 – 12	18:45 - 19:45

Die wedrenne sal voortgaan indien dit reën. In die geval van swaar weer sal ons egter nie voortgaan nie. Kom geniet die pret en iets te ete saam saam met ons.

## 5. AANDREEKS

Alhoewel die aandreeks nou al reeds vir meer as 'n week iets van die verlede is, is dit die eerste Loffienuus na die aandreeks en gee ons graag terugvoer. Ons primêre eerste netbalspan het pragtig presteer deur as kampioene gekroon te word. Die sekondêre eerste rugbyspan het die derde plek behaal. Alhoewel ons primêre eerste hokkiespan nie onder die eerste drie kon eindig nie, het hulle steeds pragtig presteer. Na 20 ekstra minute was die telling in hul wedstryd steeds gelykop en het hulle eers met die doel uitskiet verloor. Baie geluk aan al ons spanne wat pragtig gespeel het tydens die aandreeks. Ons is trots op julle.



## 6. PRESTEERDERS

Baie geluk aan die volgende Loffies wat PADSSA kleure behaal het vir netbal: Nadine Hefer, Madelein Wilmans, Sonet Bruwer, TK Mohapi, Linri Steenekamp, Lehanke Swarts, Tyle Dreyer, Annerien van Jaarsveld en Jurene le Trobe. Ons is baie trots op julle en wens julle alles van die beste toe vir die volgende rondte proewe.



Baie geluk ook aan Jenna Wilkinson wat tydens die JKA KZN kampioenskappe KZN kleure vir karate verwerf het en aan Jean Rust wat 'n 2<sup>de</sup> plek in Gewigstoot by die KZN atletiekkampioenskappe verwerf het. Ons is trots op julle!



## 7. POTJIEKOS KOMPETISIE

Die Moeders wat Omgee gebedsgroep het besluit om 'n potjiekos kompetisie te hou op 30 Maart 2019. Die doel hiervan is om fondse in te samel vir die skool se welsynsfonds. Die kompetisie begin om 11:00 by die skool en die ete is om 16:00. Daar sal vermaak wees vir die kinders.

U kan deel wees van hierdie prettag op een van drie wyses:

- a) Maak 'n potjie.
- b) Koop kaartjies vir 'n heerlike bord potjiekos en geniet die middag se samesyn.
- c) Borg pryse/bestanddele vir n potjie of gee enige donasie.

Indien u belangstel moet u die meegaande skeurstrokie asseblief voltooi en saam met die kontant terugstuur skooltoe. Gelde word by u kind se voogonderwyser inbetaal.

**SLUITINGSDATUM IS 11 MAART 2019.**

## 8. LEWENSWAARDES – WERKLIK OMGEE VIR ANDER

Daardie helder sonskynoggend in Oktober, toe sy haar voet uit die bed op die grond neersit, besluit sy: Vanjaar doen ons 'n kerskonsert met die kinders.

Die heel dag loop sy met die kinders in haar kop en dink 'n rol en 'n plekkie vir elkeen uit. Daar is so baie vrywilligers betrokke by die plek van veiligheid, dat sy dink hulle sal darem 'n redelike gehoor vir die opvoering bymekaar kan maak. Sy kry 'n Josef en Maria en 'n mooi pienk pop om baba Jesus te wees. Maria kry net elke keer stuipe as die pop se oë vir haar loer. Op die ou end moes hulle toe maar Jesus se oë toeplak dat Maria net kan ophou gil.

Sy vat twee sterkerige seuns om die donkie te wees. Een is die voorpote en een agter, met Maria wat dan bo-op die donkie sit en Josef wat langs die donkie loop. En toe besluit sy, klein Hendrik van Wyk moet die herbergier wees. Hendrik sukkel met leer. Sy pa en ma is albei erge druggies en hy was woes verwaarloos en ver agter met sy ontwikkeling toe hy deur die maatskaplike werker na die huis gebring is. Maar hy gaan aan. Sukkel net baie met leer en onthou. Gelukkig is die rol van die herbergier nie moeilik nie en dit het nie baie woorde nie. Al wat Hendrik moet sê, is: Hier is nie plek nie.

En so oefen hulle die kersverhaal, die hele Oktober en November; en vroeg Desember, maak sy 'n skare bymekaar om na die opvoering te kyk. Voor die vertoning begin, gaan sy weer met elkeen gou al die bewegings deur en sy herinner Hendrik aan sy woorde. En toe klap die mense hande en die donkie en Josef en Maria verskyn op die verhogie. Jesus met sy toegeplakte oë is onder 'n kombes op Maria se skoot, want hy is nog nie gebore nie.

En so kom hulle toe by die herberg aan. En Josef vra: Meneer het jy nie vir ons slaapplek nie.

En Hendrik sê: Nee, hier is nie plek nie. In plaas daarvan dat Josef toe die donkie vat en aanstap, is hy so begeesterd deur die grootsheid van die aand en die oomblik, dat hy weer vir Hendrik vra: Meneer, slaapplek net vir een nag? En Hendrik antwoord: Hier is nie plek nie.

Josef probeer vir oulaas en sê: Maar my vrou gaan 'n baba kry en ons soek plek waar sy en die baba kan gaan lê, seblief meneer, het jy nie ons slaapplek nie?

Klein Hendrik van Wyk draai so skuins en kyk van die verhoog af, uit die toneel uit, tot waar hy die huismoeder sien sit en hy sê: Tannie Ansie, is daar wragtag nie 'n kussing en 'n kombes iewers dat ons vir hulle 'n bed kan maak nie?

En so kan 'n hart wat omgee, 'n ander mens se hele storie verander.

Partykeer is ons so vasgevang in die rolle wat ons vertolk en bly ons so getrou by die teks van die drama, is ons so ingestudeer in die karakter wat ons vertolk, dat ons opgehou het om mens te wees, ons hart te wys en om te gee. Ons het nie die waagmoed om soos klein Hendrik die storie te verander omdat ons omgee nie.

**9. PITKOS****10. OP 'N LIGTER TRANT****11. SKOOLGELD**

Ons herinner u weer daaraan dat leerders waarvan die volle skoolgeld vir 2019 teen 31 Maart 2019 betaal word, kwalifiseer vir 6,5% afslag op hul skoolgeld. Indien u meer as een kind in Gelofte het moet die ander kinders se skoolgeld op datum betaal wees indien u slegs een kind se skoolgeld ten volle betaal. Ons wys u laastens daarop dat alle leerders 'n minimum van R1 000 skoolgeld moet betaal al kwalifiseer hulle op welke wyse ookal vir afslag van een of ander vorm.

**12. SPORTBEPALINGS**

Die sportbepalings is beskikbaar op D6 Communicator onder Bronne.

**13. ADVERTENSIES IN LOFFIENUUS**

Indien u advertensies in die Loffienuus wil plaas kan u me. ReINETTE Janse van Rensburg kontak by gsadmin2@gelofte.co.za of by 031 702 7201. Koste beloop R75 per plasing.

**14. HAY-HOE BP MOTORHAWE**

Hay-Hoe BP motorhawe doen moeite om die skool te ondersteun. Ons versoek dus dat u hulle ook ondersteun wanneer u brandstof ingooi.

U kan 'n ondersteunerskaartjie by die skool se ontvangskantoor afhaal. U voltooi dan bloot die boek by die motorhawe wanneer u brandstof ingooi. 'n Gedeelte van die bedrag word dan aan die skool geskenk.

Daar word maandeliks 'n trekking gehou waarin u die kans staan om 'n gelukspakkie of 'n karwas te wen.

**15. VERJAARDAE**

Baie geluk aan die Loffies wat in die volgende twee weke en in die vakansie verjaar. Ons vertrou dat julle heerlik bederf sal word en bid julle baie seën toe vir die nuwe lewensjaar.

Altus Basson, Shilogh Horne, Erin Wilkinson, Fleur Horn, Luan Nortjé, Jay-Cee Smit, Jeandré Jordaan, Dieter Spies, Koos Blignaut, Marcel de Villiers, Jayden Ueckermann, Amoné Zoet, Thomas Cloete, Richus Kriel, Jacques Croucamp, Franco Labuschagne, Shaun-Lee Pike, Jonathan van Helden, Gabriella Diedericks, Jordan Fourie, Ruan Potgieter, Pam Grady, Monique Joubert, Vidal van Heerden, Reinhardt Venter, Ian Kellermann, Chanlee Hennings, Zuanné Muller, Tiaan Potgieter, Blake van der Walt, Adéle Greyling, Martin Leamy, Gemma van Staden, Charl Visser, Michael Fourie, Sabelo Mbatha, Juanita Oosthuizen, Lumilee van Emmenis, Cindy Chilvers, Kayla Sanford, Samentha Sutherland, Jeaniël van der Walt, Mia Zwanepoel, Nathan Boshoff, André Bruwer, Ivanka Herbst, Michaela McBride, Aliya Schuch, Ryan Fitz-Gerald, Janke Rautenbach, Tinus van Staden, Corban Sanford, Chané Steyn, Jacques van Zyl, Kian Zwanepoel, Renate Erasmus, Kyla Nathaniel, Douglas van Blerk, Aiden Gill, Thinus Roodt, Anél van der Westhuizen, Leandi Koekemoer, Jean Rust, Bulinda Botha, Dienike Potgieter, Rynhardt Booyens, Alissa Hugo, Mignon Roux, Nathan van der Walt, Chantély Els, Ma McBride, Pieter-Theo Smit, Leira de Wet, Lelani van Rensburg, Deacon Damand, Jordan Foley, Elshaska Kretschmer, Ruben Pretorius.

**16. E-POS**

Ons het reeds 'n baie groot aantal ouers wat die Loffienuus elektronies ontvang. Hierdie is uiteraard 'n baie meer betroubare manier om seker te maak dat u die nuusbrief ontvang, aangesien die kinders soms vergeet van die nuusbrief wat in hul tasse lê. Indien u nog nie 'n elektroniese weergawe van die Loffienuus ontvang nie, is u welkom om 'n e-pos te stuur na [gelofte@gelofte.co.za](mailto:gelofte@gelofte.co.za). Ons sal u dan op ons adreslys plaas. Die Loffienuus is ook op die webblad ([www.gelofte.co.za](http://www.gelofte.co.za)) en op Communicator beskikbaar.

**17. KONTANTVRYE SONE**

Ons beklemtoon graag weer die volgende: ons streef daarna om die skool 'n kontantvrye sone te maak en sodoende die versoeking by kriminele elemente te verwyder om die skool as 'n sagte teiken te beskou. Dit sal dus waardeer word indien u van elektroniese betaalmetodes of tjeks gebruik sal maak.

Die skool se bankbesonderhede is soos volg:

Bank: ABSA

Rekeningnaam: Gelofte Skool

Takkode: 632005

Rekeningnommer: 1137530569

Vriendelike groete

D J STRYDOM  
SKOOLHOOF**TERUGSTUURSTROKIE: KOMMENTAAR – VIR AANDAG MNR. D. STRYDOM**

NAAM VAN OUER: \_\_\_\_\_

NAAM VAN LEERDER: \_\_\_\_\_ GR. \_\_\_\_\_

KOMMENTAAR: \_\_\_\_\_

HANDTEKENING

KONTAKNUMMER

**ADVERTENSIES****Potjiekoskompetisie!**

Saterdag, 30 Maart 2019, te Gelofte Skool vanaf 11:00. Ete om 16:00.

U kan deel wees van hierdie prettdag op 3 maniere:

1. Maak 'n potjie.
2. Koop kaartjies vir 'n heerlike bord potjiekos en geniet die samesyn.
3. Borg pryse/bestanddele vir 'n potjie.

**Hoekom wil ons hierdie projek aanpak?**

Ons skoolgemeenskap het 'n groot groot behoefte aan alledaagse items. Op hierdie wyse kan ons fondse insamel en 'n verskil maak.

Pryse: 1<sup>ste</sup> plek  
2<sup>de</sup> plek  
3<sup>de</sup> plek



Ter waarde van R900

Kaartjies is genommer. Indien u nommer getrek word, wen u 'n prys.

Voltooi die meegaande skeurstrokie en stuur met die kontant terug skooltoe. Gelde word by u kind se voogonderwyser/es inbetaal.

X \_\_\_\_\_

Naam: \_\_\_\_\_

Kontaknommer: \_\_\_\_\_

stel belang om deel te neem op die volgende manier:

1. Maak 'n potjie
2. Etekaartjies vir potjiekos (R30 per bord)
3. Borg van pryse/bestanddele/ of donasie vir 'n potjie.

Ek sluit die bedrag van \_\_\_\_\_ hierby in.

Handtekening \_\_\_\_\_

Aromaterapie word al lank reeds gebruik om probleme soos slaaploosheid met laventel te behandel. Nou is aromaterapie beskikbaar in 'n klei-vorm, Aromadough. Dit is beskikbaar in 'n volwasse en 'n kinder reeks.

Geure beskikbaar in die kinder reeks:

Sleepy time

Sniffles

Peace

Study

Travel

Die koste beloop R80 per Aromadough.

Kontak Riette by **082 337 1249** vir meer inligting of om 'n bestelling te plaas.